



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye wat drie rubrieke insluit.**

**ALGEMEEN**

1. Gebruik die rubrieke soos volg:

Bylaag A:	Vraag 1	OPSTEL
Bylaag B:	Vraag 2.1	INFORMELE BRIEF
	Vraag 2.2	HULDEBLYK
	Vraag 2.3	RESENSIE
	Vraag 2.4	ONDERHOUD
Bylaag C:	Vraag 3.1	PLAKKAAT
	Vraag 3.2	DAGBOEKINSKRYWINGS
	Vraag 3.3	INSTRUKSIES

2. Bestudeer en bespreek die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.
3. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordboek na die senior nasiener verwys. Die leerder moet volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.
4. Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.
5. Indien 'n skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die leerder **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste kode.
6. Die nasiener moet die voorgeskrewe nasiensimbole (bl.3) gebruik by die nasien van 'n skryfstuk. Om net strepe te trek, is **ONAAANVAARBAAR**.
7. By skryfstukke wat te lank is, word die maksimum lengte nagesien en 'n streep deur die res getrek. Dan word die leerder nie verder vir lengte gepeenaliseer nie.
8. **Vraag 1.6:**
- Die titel en die visuele prikkel behoort by mekaar aan te sluit.
  - Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
  - Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegeland, beredeneerd of argumenterend wees. Die prente dien slegs as prikkels.

**SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN**

Die volgende simbole/tekens behoort deur die onderskeie provinsies gebruik te word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	( ) →	Hakies en pyltjie
Spelfout	=	Twee kort strepies onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Paragraaf is een lang, lomp sin	[	Begin van 'n nuwe sin
Woorde uit ander tale/nie-funksionele/vreemde woorde* *Standaardafrikaans bly die norm. Gebruiksafrikaans moet vermy word. Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie. Aanvaar ook gemotiveerde Afrikaanse streeksworde/streekuitdrukings.	X	Trek 'n X bo die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓ (bo die woord)	Regmerk die bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukings.
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	O	Omkring

**NEERSKRYF VAN PUNTE**

- Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
- Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf KATEGORIEË** volgens:
 

Afdeling A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte).

Afdeling B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte).

Afdeling C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte).
- Evalueer eers of die leerder se skryfstuk volgens **INHOUD EN BEPLANNING** byvoorbeeld **UITSONDERLIK, GEMIDDELD** of **ONVOLDOENDE** is. Besluit dan of die **INHOUD EN BEPLANNING** aan die beskrywing van die hoë vlak of die lae vlak voldoen. Bepaal daarna watter punt toegeken moet word. Skryf net **EEN** punt neer.  
Let Wel: Volg dieselfde werkwyse vir **TAAL, STYL EN REDIGERING**. Let daarop dat, by die bepaling van die punt vir **STRUKTUUR**, daar nie 'n hoë en 'n lae vlak is nie.

4. Hou die **persentasies** by die kategorieë in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Vir Afdeling B en Afdeling C: Evalueer eers of die leerder se skryfstuk volgens INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT, byvoorbeeld UITSONDERLIK, GEMIDDELD of ONVOLDOENDE is. Bepaal daarna watter punt toegeken moet word. Skryf net EEN punt neer. Dieselfde geld vir TAAL, STYL EN REDIGERING.
6. Skryf die punte soos volg neer:

AFDELING A	Kode	Punt
I/B	Knap	23
T/S/R	Uitsonderlik	13
S	Knap	4
<b>TOTAAL:</b>		40

AFDELING B	Kode	Punt
I/B/F	Gemiddeld	9
T/S/R	Elementêr	5
<b>TOTAAL:</b>		14

## TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED

Hierdie memorandum moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesserings-rubrieke vir AFDELINGS A, B en C gebruik word.

**LET WEL:** Leerders word nie addisioneel gepenaliseer vir afwykings nie, want die rubrieke maak daarvoor voorsiening.

### AFDELING A: OPSTEL

#### 1.1 Dit was 'n dom ding om te doen.

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld verhalend/beskrywend/bespiegeland/beredeneerd/argumenterend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van die dom ding wat hy/sy gedoen het.
  - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse die dom ding wat hy/sy gedoen het, maar kan ook konsentreer op 'n beskrywing van die emosies en gevolge van die dom ding wat hy/sy gedoen het.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel die leerder oor die dom ding wat hy/sy gedoen het. Die leerder oorweeg/deurdink die situasie waarin hy/sy beland het en wonder of hy/sy nie maar iets anders moes gedoen het nie. Die leerder kan ook bespiegel hoe anders dinge kon wees indien hy/sy nie dié dom ding gedoen het nie.
  - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder of hy/sy 'n dom ding gedoen het. Die gevolge van die dom ding wat hy/sy gedoen het word teen iets anders opgeweeg.

- **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin 'n standpunt in, naamlik: “Dit was 'n dom ding om te doen.” Die leerder gee dan redes vir hierdie standpunt. Die leerder kan ook met die onderwerp verskil en sy standpunt motiveer.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

## 1.2 Perfekte kinders

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld beskrywend/verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse wat dit behels om perfekte kinders te wees/wat grootmense/ander mense van kinders verwag.
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van 'n insident wat tot die gevolgtrekking lei dat kinders perfek is.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel die leerder oor perfekte kinders. Die leerder sal die situasie wat hy/sy skep, oorweeg/deurdink.
  - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder of kinders perfek is/kan wees of nie. Die leerder motiveer beide kante van die onderwerp en kan tot 'n gevolgtrekking kom.
  - **Argumenterende opstel:** Hier argumenteer die leerder reg van die begin af dat kinders perfek is of dalk dat die idee van perfek-wees nie moontlik is nie. Die leerder gee dan redes vir sy/haar standpunt.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

## 1.3 Respekteer die lewe.

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld bespiegelend/verhalend/beskrywend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel die leerder oor die waarde van die lewe/hoekom 'n mens die lewe moet respekteer. Die leerder sal die lewe oordink en oorweeg.
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van 'n insident wat hom/haar leer dat die lewe gerespekteer moet word.
  - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse die lewe wat gerespekteer moet word.
  - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af 'n standpunt in, naamlik dat die lewe gerespekteer moet word en motiveer die standpunt.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

#### 1.4 **Dissiplineer sport 'n mens? Ja of nee?**

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld argumenterend/beredeneerd/verhalend/beskrywend/ bespiegelend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes
  - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af 'n standpunt in, naamlik dat sport 'n mens dissiplineer of nie en motiveer die standpunt met redes daarvoor.
  - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder in 'n gebalanseerde opstel of sport 'n mens dissiplineer of nie.
  - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van 'n gebeurtenis waarin sport 'n mens dissiplineer het of nie.
  - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse hoe sport 'n mens dissiplineer of nie.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel die leerder oor die gedagte dat sport 'n mens dissiplineer of nie. Die leerder sal die gedagte deurdink en moontlik ander opsies oorweeg.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

#### 1.5 **Ons kan die oorlog teen dwelms wen.**

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied, byvoorbeeld beredeneerd/argumenterend/bespiegelend/verhalend/beskrywend.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder in 'n gebalanseerde opstel of ons die oorlog teen dwelms kan wen of nie. Die leerder mag uiteindelik 'n standpunt inneem.
  - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af 'n standpunt in, naamlik: Ons kan (kan nie) die oorlog teen dwelms wen (nie) en motiveer die standpunt.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder of ons die oorlog teen dwelms kan wen (of nie) en of daar enige wenners in hierdie oorlog is, ens.
  - **Verhalende opstel:** In 'n verhalende opstel vertel die leerder van 'n interessante insident/-e wat bewys waarom/hoe ons die oorlog teen dwelms kan wen (of nie).
  - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse hoe die oorlog teen dwelms gewen kan word (of nie).
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

## 1.6 VISUELE PRIKKELS

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Die nasiener moet onthou dat hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies. Die leerder se perspektief moet by assessering oorweeg word.
- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die leerder verwag word.
- 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

### 1.6.1 Prentjie: Handevat

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Handevat byvoorbeeld as deel van 'n aktiwiteit of spel.
- Figuurlike interpretasie: Handevat byvoorbeeld as 'n simbool van liefde, versoening, ondersteuning, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

### 1.6.2 Prentjie: Motorwrak/Ou motor

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Die motor het onklaar geraak/geroeste motor/ou motor, ens.
- Figuurlike interpretasie: 'n Situatie waarin daar geen uitweg is nie (motor kan nie weer aan die gang gekry word nie), lewenswrakke, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]**

### 1.6.3 Prentjie: Kitaar en musiek

- Die leerder kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Kitaarspel/musiek/musiekgroepe, ens.
- Figuurlike interpretasie: Die lewe is soos musiek/iets waarvan jy baie hou, kan soos musiek in jou ore wees/harmonie, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

**[50]****TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****2.1 INFORMELE BRIEF****FOKUS**

Die leerder se maat is gespanne oor sy/haar eerste werksdag. Die leerder skryf 'n **informele brief** aan sy/haar maat om hom/haar raad te gee.

**KENMERKE**

- Die brief is vriendskaplik. Die inhoud is persoonlik, openhartig, simpatiek en vriendelik van aard. Die taalgebruik en styl is informeel en gemaklik.
- Die leerder spreek die maat direk aan.
- Die brief moet die maat raad gee.
- Die toon, styl en woordkeuse moet by die vriendskap tussen die leerder en die maat pas, aanmoedigend en informeel wees.
- Vermy slordige taal, slengwoorde en sms-taal.

**FORMAAT**

Die formaat van die brief moet korrek wees:

**Leestekens:**

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

**Die adres en datum:**

- Die adres van die skrywer word regs, boaan in blokvorm geskryf.
- Daar behoort nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat te word nie.  
**Toegewing:** 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.
- Die datum word voluit geskryf: 26 Februarie 2016.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word.

**Die aanhef, afsluiting en slot:**

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kry 'n **punt** aan die einde.
- Daar word nie 'n reël tussen *Jou maat* en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing *Jou maat* voor die brieffskrywer se naam is opsioneel.

**Die paragrawe:**

- 'n Reël word tussen paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, byvoorbeeld dat die brieffskrywer gehoor het dat die maat bang vir die eerste werksdag is.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die brieffskrywer help sy/haar maat met raad.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat.



Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

**Voorbeelde van die brieffskrywer se adres:**

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588
Uitbreiding/Voorstad	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode
Kode			
Rusthof	Sewende laan 10 OF Sewende Laan 10		
Pleknaam	Westdene		
Kode	Kode		

Let op die volgende: Kerkstraat is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. Arcadia straat is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (AWS, 2009 bl. 121)

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

**VOORBEELD**

	Posbus 100 Glencoe 2930 26 Februarie 2016
XXX Liewe Marie XXX Dis wonderlik dat jy die pos as bibliotekaresse gekry het! Om senuweeagtig te wees, is normaal. Ek weet dis jou eerste werk, maar hou op om jou naels te byt. Gelukkig is daar hulp om van daardie senuwees ontslae te raak. Ek hoop dat my raad jou sal help. XXX Maak seker dat jy betyds by die werk opdaag sodat jy 'n kans kry om asem te skep en rustig te raak. XXX My ma sê altyd die eerste indruk tel die meeste; jy moet dus seker maak dat jou voorkoms jou kollegas en die publiek beïndruk. Wees altyd hoflik en kyk die mense reguit in die oë. Glimlag vriendelik vir almal. XXX Ek glo in jou. Wees net jousef en moenie iemand probeer wees wat jy nie is nie. Jy is goed net soos jy is. XXX Alles van die beste met jou werk. XXX Beste wense. XXX Jou maat Tshepo (142 woorde)	

[30]

## 2.2 HULDEBLYK

### FOKUS

Die leerder skryf 'n **huldeblyk** oor sy/haar maat se ma wat onlangs oorlede is.

### KENMERKE

- Die huldeblyk handel oor die maat se ma.
- Die volgende besonderhede oor die maat se ma kan gegee word: naam, ouderdom, datum van afsterwe, oorsaak van dood, herinneringe of hoogtepunte uit haar lewe, staaltjies oor die maat se ma, die rol wat die maat se ma in mense se lewe gespeel het.
- Die doel van die huldeblyk is om die maat se ma se lewe te vereer en om die betekenisvolle bydrae wat sy gelewer het, uit te lig.
- Die lesers moet 'n geheelbeeld van die maat se ma kry.
- Die huldeblyk word in die verlede tyd geskryf wanneer daar na die maat se ma verwys word.
- Die toon is versagting, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en taktvol van aard.
- Die toon, styl en woordkeuse is versagting, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en moet by die inhoud pas.
- Kultuurtekste moet in ag geneem word.

### FORMAAT

- **Opskrif**  
Die huldeblyk moet 'n opskrif hê.  
Die huldeblyk mag 'n subopskrif insluit.
- **Inleidende paragraaf**  
Die huldeblyk word ingelei met 'n inleidende sin wat die lesers se aandag vasvang. Die inleiding moet oor die waardering van die maat se ma se lewe gaan. Die inleidende sin is baie belangrik.
- **Paragraaf 2 en verder**  
Die huldeblyk sluit verskillende herinnerings en hoogtepunte in wat persoonlike gebeure en staaltjies oor die maat se ma bevat. Dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit/gedagte.
- **Slotparagraaf**  
In die slot kan die spreker ook vir die res van die gesin sterkte toewens.

**VOORBEELD****Maria Lourens: Moeder Hen, Mamma Maria**

Geagte Familie en Vriende

Mamma Maria se huis en hart was altyd oop vir enigiemand. By haar het ons veilig gevoel as die lewe druk, want sy sou jou in haar arms toevou en vir jou vertel hoekom jy belangrik en spesiaal was.

Mamma Maria het vir ons geleer om eers aan 'n oplossing te dink voordat ons die probleem vir haar noem. Sy het ons geleer dat liefde en respek nie met geld gekoop kan word nie.

Na wie toe het jy gehardloop as jou skoolbroek geskeur het? Wie kon help om 'n brug vir Tegnologie te bou? Wie het stem dik gemaak as jy verbrou het? Mamma Maria.

Familie en Vriende, ons sal hierdie dierbare vrou altyd onthou. Oom Manie, Theresa en Benjamin, ons sal julle ondersteun soos Mamma Maria dit vir ons gedoen het. Rus in vrede, Moeder Hen!

(148 woorde)

[30]

## 2.3

**RESENSIE****FOKUS**

Die leerder skryf 'n **resensie** oor 'n Afrikaans boek wat hy/sy aanbeveel.

**KENMERKE**

- Hierdie resensie is 'n verslag waarin 'n boek beoordeel word.
- Die resensie moet die leser oortuig om die boek te lees.
- In hierdie resensie word die volgende aspekte aangeraak:
  - Die boek se sterk punte en kenmerke ten opsigte van inhoud, karakters en taal.
  - Aanbevelings
- Die resensie word gewoonlik in die derde persoon geskryf om 'n mate van objektiwiteit te handhaaf.
- Die ontknoping van die boek word egter nie gegee nie.
- Kultuurverskille moet in ag geneem word.
- Die teenwoordige/verlede tyd word gebruik.
- Woorde wat op waardering en evaluering dui, moet gebruik word, byvoorbeeld: uitstaande, opwindend, dramaties, uiters vervelig/interessant, ens.
- Styl, toon en woordkeuse moet by die lesers van 'n jeugtydskrif asook by die resensent se mening oor die boek pas en geloofwaardig wees.

**FORMAAT**

- **Titel**
  - Die titel gee 'n aanduiding van die resesent se standpunt ten opsigte van die boek.
  - Die resesent se naam volg na die titel.
- **Paragraaf 1**
  - Die titel van die boek, skrywer en karakters word gegee.
- **Paragraaf 2 en verder**
  - 'n Algemene indruk oor die boek word gegee.
  - Meer besonderhede oor die boek, bv. oor die inhoud, karakters, spanning, ens. word verskaf.
- **Slotparagraaf**
  - Die resesent se laaste indrukke/gevolgtrekking/aanbeveling volg.

**VOORBEELD*****Die Silwer Borsspeld* deur Henri Mathee****'n Prikkelende liefdesverhaal**

XXX

Resesent: Ricardo Mntungwa

XXX

*Die Silwer Borsspeld* is 'n liefdesverhaal wat ook die ander belangrike elemente van 'n interessante verhaal het, soos spanning, komedie, geloofwaardige karakters en 'n uiters verrassende slot. Dit is Henri Mathee se tweede boek. Dié verhaal word aanbeveel vir almal, veral vir dié wat nog in die positiewe waarde van liefde glo. Dit word sterker aanbeveel vir dié wat bitter oor die liefde geword het, want hierdie verhaal belowe om gevoelens te verander.

XXX

Die verhaal speel in die hart van 'n plakkerskamp af. Die hoofkarakter, Themba, 'n jong man met 'n verskriklike geheim, Mama Thembu, die aantrekklike huishulp van die Smit-gesin en Jos, die skurk wat die hele gebied met sy aaklige aksies beheer, is oortuigend.

XXX

Die spanning bou op tot die klimaks waarin Themba sy geheim moet verklap.

XXX

Is liefde genoeg om pyn te verlig? Die slot verras.

(149 woorde)

**[30]**

## 2.4

**ONDERHOUD****FOKUS**

Die leerder voer 'n **onderhoud** met iemand in sy/haar gemeenskap wat 'n kind se lewe gered het.

**KENMERKE**

- Die onderhoud behoort in vraag-en-antwoordmetode geskryf te word.
- Die doel van die onderhoud is om inligting in te win oor wat gebeur het.
- Die slot vat die kern van die onderhoud saam.
- Die leser se belangstelling moet geprikkel word.
- Duidelike en kort vrae is nodig.
- Relevante antwoorde moet verskaf word.
- Die toon, styl en woordkeuse moet respekvol wees.
- Die woordkeuse moet by die onderwerp en die teikengroep van die koerant pas.
- Die toon en woordkeuse word ook bepaal deur die persoon met wie die onderhoud gevoer word.
- Die kommunikasieproses is gemaklik en natuurlik.

**FORMAAT**

- As die onderhoud in vraag-en-antwoordmetode aangebied word, word die vrae en antwoorde onder mekaar neergeskryf.
- 'n Reël word na elke vraag-en-antwoordstel oopgelaat.
- Na die woorde VRAAG en ANTWOORD is 'n dubbelpunt.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.

**VOORBEELD***Onderhoud met mnr. Sisonke, held van Laingsburg*

Vraag: Dit was 'n groot heldedaad wat u Woensdag verrig het. Sal u asseblief vertel wat gebeur het?

Antwoord: Wel, ek weet nie of dit 'n groot heldedaad was nie. Ek het vroeg my huis verlaat en bushalte toe gestap. Op pad het ek 'n kind hoor skree. Instinkties het ek in daardie rigting gehardloop en toe sien ek 'n huis wat aan die brand was. By die venster was 'n jong kind wat gegil het. Sonder om te dink, het ek die huis binnegestorm en daarin geslaag om by die kind te kom. Ek het haar buitentoe gedra.

XXX

Vraag: Het u enige beserings opgedoen?

Antwoord: Ag, dit was net 'n paar ligte brandwonde. Ek is dankbaar dat ek die kind kon help. Haar ma se vreugde is belangriker as die wonde.

XXX

Vraag: Hoe voel u oor die burgemeester se toekenning vir u heldedaad?

Antwoord □ Dit is vir my 'n groot eer, maar ek sou dit ook sonder 'n toekenning gedoen het.

(157 woorde)

[30]

**ONTLEDING VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 3****3.1 PLAKKAAT****[20]****FOKUS**

Die leerder ontwerp 'n **plakkaat** waarin mense in kennis gestel word van 'n konsert wat by die skool sal plaasvind.

**KENMERKE**

- Hierdie plakkaat adverteer 'n konsert.
- Die plakkaat teiken enigiemand wat in drama en vermaak belangstel.
- Die plakkaat moet die nodige inligting verskaf. Die vrae wanneer?, wat?, waar?, hoeveel kos dit? en vir wie? moet beantwoord kan word.
- Hierdie plakkaat berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
  - Die plakkaat moet 'n leser se **aandag** trek deur verskillende lettertipes en lettergroottes te hê.
  - Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud en uitleg.
  - Hierdie plakkaat moet 'n **begeerte** by die leser wek om die konsert by te woon deur middel van inligting soos die akteurs wat daar sal optree, die verversings wat te koop kan word, ens.
  - As die plakkaat in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan deur die konsert by te woon.
- Toon, styl en woordkeuse moet die gemeenskap oorreëde om die konsert by te woon.

**FORMAAT**

- Die volgende inligting moet op die plakkaat verskyn:
  - Wie is die teikengroep?
  - Wat word aangebied? (verkieslik in groot druk)
  - Wanneer (dag, datum en tyd) word die konsert gehou?
  - Waar word die konsert gehou?
  - Wie tree op?
  - Wat behels die konsert?
  - Hoeveel kos die kaartjies?
  - Hoe kan die teikengroep daarby baat?
  - Kontakbesonderhede

## VOORBEELD

<h1>'n KOMIESE KONSERT</h1> <h2>VIR ALMAL WAT VAN VERMAAK HOU</h2> <p><b>Kom geniet 'n vertoning saam met bekende akteurs!</b></p> <p><b>Die vier finaliste in <i>Komiese Karakters</i> talentkompetisie is hier in Ladysmith om julle te vermaak!</b></p> <p style="text-align: center;">  <b>Daisy Dee</b>   <b>Gyan Govender</b>   <b>Pindi Paula</b> </p> <p><b>DATUM: 02 Maart 2016</b>  <b>TYD: 19.00 tot middernag</b>  <b>PLEK: Hoërskool Ladysmith</b>  <b>KOSTE: Net R100 per persoon</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ 'n Gratis geskenk vir die eerste tien mense wat kaartjies koop!</li> <li>➤ Die prys sluit verversings in.</li> <li>➤ Aandete saam met die akteurs vir VIER gelukkige kaartjiehouers.</li> </ul> <p style="text-align: center;"><i>Kaartjies by die skool beskikbaar.</i></p> <p><b>Skakel Shawn (0827151371) vir verdere besonderhede.</b> (94 woorde)</p>	<p>Wat?</p> <p>Teikengroep</p> <p>Deur wie?</p> <p>Baat</p> <p>Wanneer?</p> <p>Tyd Waar?</p> <p>Koste</p> <p>Kontak- besonderhede</p>
--	---

## 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

**FOKUS**

Die leerder maak TWEE **dagboekinskrywings**, een VOOR die matriekuitslae in die koerant verskyn het en een NADAT die matriekuitslae bekendgestel is.

**KENMERKE**

- Die dagboek is 'n informele skryfstuk wat spreek van die leerder se gevoelens/gedagtes voor die uitslae wat in die koerant verskyn het en die leerder se gevoelens/gedagtes nadat die uitslae bekendgestel is.
- Gevoelens/ervarings of gedagtes wat beleef word, word beskryf.
- Die dagboekinskrywings word in die eerste persoon geskryf.
- Plekke, familie en vriende word op die naam genoem.
- Die inhoud ondersteun die leerder se gevoelens/gedagtes oor die matriekuitslae.
- Toon, styl en woordkeuse moet die inhoud ondersteun.



**FORMAAT**

- Elke dagboekinskrywing moet die dag en/of datum hê wat boaan geskryf word.
- Die leerder moet dagboekinskrywings vir twee dae maak.
- Die leerder hoef nie met “Liewe Dagboek” te begin nie.
- Die uiteensetting van elke inskrywing mag in paragraafvorm wees.

Let wel:

- Getal woorde:
  - In die dagboekinskrywing word slegs die getal woorde in die inhoud getel.
  - Die getal woorde vir albei inskrywings moet 80-100 woorde wees.
- Assessering:
  - Assessering moet albei inskrywings as EEN taak in ag neem en moet dus as 'n geheel geassesseer word.
  - Indien een van die inskrywings ontbreek, word die leerder by die kategorie *inhoud, beplanning en formaat* gepenaliseer. Die leerder kan 'n maksimum van 7/12 punte behaal.

**VOORBEELD**

5 Januarie (2016) (of aan regterkant van die bladsy)

OF

Woensdag

OF

Woensdag, 5 Januarie (2016)

Liewe Dagboek (opsioneel)

XXX

My angs is onbeskryflik! Kan nie die spanning verduur nie! Wonder of Tina en Terry ook so voel of is dit net ek wat abnormaal is ...

6 Januarie 2016 (of aan regterkant van die bladsy)

Liewe Dagboek (opsioneel)

XXX

Wat 'n verligting! Ek het darem Wiskunde geslaag, al was dit met 'n E-simbool. Al het sy nie so gesê nie, kon ek die teleurstelling in Ma se oë sien. Wel, die uitslae was niks indrukwekkends nie, maar ek kon dit nie help nie. Net jy, lieve Dagboekie, weet van die pyn en hartseer wat ek tydens die eksamentyd moes deurgaen ...

Wel, ek gaan oor die Aanvullende Eksamen uitvind. Ek verdien nog 'n kans.

(99 woorde)

**[20]**

3.3 **INSTRUKSIES****FOKUS**

Die leerder gee sewe **instruksies** hoe om 'n spel te speel. Dis gerig aan iemand wat nie die reëls van die spel ken nie. Dit sluit bord- of sportverwante speletjies in.

**KENMERKE**

- Die instruksies moet maklik verstaanbaar uiteengesit word.
- Die inligting is bedoel om leiding te gee oor hoe om 'n speletjie te speel.
- Toon, styl en woordekeuse moet vriendelik, eenvoudig en duidelik wees.

**FORMAAT**

- Die uiteensetting mag soos volg aangebied word:
  - Puntsgewys
  - Reëls tussen-in oopgelaat
  - Ander aanduiders soos koeëlpunte
  - Paragraafvorm
- Die skryfstuk mag 'n opskrif hê, bv. Hoe om sokker/UNO te speel.
- Die instruksies moet in volsinne aangebied word. Die sinne kan met werkwoorde begin.

**VOORBEELD****INSTRUKSIES****Hoe om UNO te speel.**

1. Skommel die pak UNO kaarte deeglik.
2. Deel aan elke speler elf UNO kaarte uit met die gesigte na onder sodat niemand kan sien watter kaarte die speler ontvang nie.
3. Elke speler tel sy kaarte op en rangskik dit volgens kleur en nommers.
4. Die boonste kaart van die ekstra pak kaarte word omgedraai.
5. Die jongste speler speel eerste.
6. Die nommer of kleur kaart wat bo lê, bepaal watter kaart (die kleur of die nommer) deur spelers uitgegooi moet word.
7. Die speler wat al sy kaarte uitgegooi het, is die wenner.

(89 woorde)

**[20]****ONTLEDING VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAI [50 PUNTE]**

<b>Kriteria</b>		<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
		<b>28–30</b>	<b>22–24</b>	<b>16–18</b>	<b>10–12</b>	<b>4–6</b>
<b>INHOUD &amp; BEPLANNING</b>  (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks  <b>30 PUNTE</b>	<b>Hoë vlak</b>	-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie en is onsamehangend
	<b>Lae vlak</b>	-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAI [50 PUNTE] (vervolg)**

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
<b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b>  Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling  <b>15 PUNTE</b>	<b>Hoë vlak</b>	<b>14–15</b> -Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	<b>11–12</b> -Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	<b>8–9</b> -Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	<b>5–6</b> -Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	<b>0–3</b> -Taal onverstaanbaar -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
		<b>13</b> -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	<b>10</b> -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	<b>7</b> -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	<b>4</b> -Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
<b>STRUKTUUR</b>  Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie  <b>5 PUNTE</b>		<b>5</b> -Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	<b>4</b> -Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	<b>3</b> -Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	<b>2</b> -Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog effens sin	<b>0–1</b> -Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie
		<b>43–50</b>	<b>33–40</b>	<b>23–30</b>	<b>13–20</b>	<b>0–10</b>
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>						

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAI [30 PUNTE]**

<b>Kriteria</b>	<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
<b>INHOUD, BEPLANNING &amp; FORMAAT</b>  Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks  <b>18 PUNTE</b>	<b>15–18</b>  -Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	<b>11–14</b>  -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	<b>8–10</b>  -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	<b>5–7</b>  -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	<b>0–4</b>  -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
<b>TAAI, STYL &amp; REDIGERING</b>  Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling  <b>12 PUNTE</b>	<b>10–12</b>  -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	<b>8–9</b>  -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	<b>6–7</b>  -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	<b>4–5</b>  -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	<b>0–3</b>  -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaa met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	<b>25–30</b>	<b>19–23</b>	<b>14–17</b>	<b>9–12</b>	<b>0–7</b>

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [20 PUNTE]**

<b>Kriteria</b>	<b>Uitsonderlik</b>	<b>Knap</b>	<b>Gemiddeld</b>	<b>Elementêr</b>	<b>Onvoldoende</b>
<b>INHOUD, BEPLANNING &amp; FORMAAT</b>  Respons en idees; Organisering van idees; Kenmerke/konvensies en konteks  <b>12 PUNTE</b>	<b>10–12</b>  -Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	<b>8–9</b>  -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute.	<b>6–7</b>  -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	<b>4–5</b>  -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	<b>0–3</b>  -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
<b>TAAL, STYL &amp; REDIGERING</b>  Toon, register, styl, woordeskat geskik vir doel en konteks; Taalgebruik en konvensies Woordkeuse; Punktuasie en spelling  <b>8 PUNTE</b>	<b>7–8</b>  -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	<b>5–6</b>  -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	<b>4</b>  -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	<b>3</b>  -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	<b>0–2</b>  -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaai met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	<b>17–20</b>	<b>13–15</b>	<b>10–11</b>	<b>7–8</b>	<b>0–5</b>